

# DIE SKIETLOOD

## Oor eiendomme en houvasse

Die stof het nog lank nie gaan lê oor sekere gemeentes se besluit om hul eiendom te beveilig nie. Aan die een kant het die Onafhanklike gemeentes 'n hofaansoek gebring om finaal uitspraak te kan kry dat hulle optrede wettig is. Aan die ander kant hou die KommAKV steeds vas aan Witfontein 1883. Vir die NHKA beteken dit dat daar oral duplisering en ekstra werk is. Oral waar gemeentes besluit het om onafhanklik te word, het die KommAKV skadugemeentes met enkele ontevredenes in die lewe geroep. In die Almanak word drie sodanige gemeentes se skriba aangedui as die Ringskriba, juis omdat die klein groepies geen kerkraad of selfs standplaas het nie. Ander predikante moet dan die sogenaamde NHKA gemeentes bedien en aan die gang hou sodat hierdie klein groepies aanspraak kan maak op en besit kan neem van die eiendomme. Die feite is dat 130 jaar verloop het, dat die reg verander het, dat gemeentes volgens die wette van die land opgetree het en dat ons nie dieselfde situasie beleef as in die 19e eeu nie. NHKA predikante en KommAKV lede kan hulle energie beter gebruik as om 'n skynbare vrugtelose fasade op te bou in die jag op Onafhanklike gemeentes se eiendomme. Ons weet dat die fasade van restante opgebou word sodat daar mense kan wees wat aanspraak kan maak op eiendom wat steeds in die hande van die

wettige eienaars is te wete die lidmate/gemeente wat die eiendom gekoop het, die geboue opgerig het en oor jare heen onderhou het. Die eiendomme word steeds onderhou, verbeter.

In die tussentyd het daar ook nuwe inligting tot ons oor gekom. Die KommAKV maak groot gewag van voorkoopreg. Hierdie besluit van die 68e AKV is nooit tot uitvoer gebring nie. Die eenvoudige waarheid is dat so 'n reg by die aktekantoor op skrif gestel moet word. Dit is verder ook so dat die besluit oor ander se eiendom nie afdwingbaar is nie, veral aangesien die AKV 'n vergadering van ampsdraers is, en nie 'n vergadering van afgevaardigdes met mandaat nie. Daar is egter ander maniere om onwettige besluite af te dwing en wettig te maak. Dit is waar die nuus onheilspellend word. Daar is reeds op skrif die voorstel dat die KommAKV deur die AKV 'n serwituuat gaan laat registreer teen elke NHKA gemeente se eiendomme. Die KommAKV is hoeka oortuig dit is eintlik hulle eiendom en dat hulle 'n direkte belang by elke eiendom het. Op die NHKA se bakkiesblad is Onafhanklike gemeentes lasterlik daarvan beskuldig dat hulle die kerk se eiendom gesteel het!

Die goedgelowiges wil hierdie ernstige moontlikheid nie erken nie en kom dan met teenargumente. Sommiges sal gou wees om te sê; "maar die AKV bly 'n vergadering van ampsdraers en nie



*verteenwoordigers met mandaat nie. Die besluit sal tog nooit afgedwing kan word nie. Daarmee saam kom die antwoord dat gemeentes nie somer so die serwituut sal laat registreer nie, hulle sal mos hulle eiendomme beskerm. Die serwituut gedagte sal dan net soos die voorkoopreg in die sand loop". Kom ons kyk net vir 'n oomblik na die moontlikhede, en kom ons doen dit teen die agtergrond van die afgelope 2 jaar se gebeure.*

Die afdwing van 54/69 het met roekelose minagting gepaard gegaan. Nog nooit in die geskiedenis van die NHKA het soveel persone hulle teenstem laat notuleer nie. Die KommAKV se hantering van die Beswaarskrif het uitgeloop op die georkestreerde BAKV wat alle teenstand moes vernietig. Dit was veral na die BAKV wat die vervolging en gewetensdwang toegeneem het. Soveel so dat Dr Malan Storm voor 'n keuse gestel is: "Aanvaar die AKV se besluit of jy sal vervolg en onthef word". Soveel so dat Ds Jaap Steenkamp vervolg word; aangesien sy gemeente hulself posisioneer as sH gemeente. Die laagtepunt van hierdie aanmatigende optrede deur die KommAKV was Omsendskrywe 17 wat in dieselfde trant as die verwerping van die Staat van Belydenis geskryf is. "Konformeer, vra verskoning en val in by ons wil. Andersdenkende gelowiges moet bedank of sal vervolg word". Hierdie onverbidelike houding is deels die gevolg van die Kerkorde wat stel dat 'n AKV besluit bindend is van die oomblik wat dit geneem is.

Teen hierdie agtergrond moet ons nou weer gaan kyk na voorkoopreg en serwitute. Die KommAKV het nou tot die besef gekom dat dit in hul eiebelang is om een van die twee wel deur te voer. Op die manier kan hulle hul houvas op gemeentes en derhalwe die waarborg van heffingsinkomste waarborg. Daar is geen twyfel by ons dat daar by die 70e AKV 'n voorkoopreg gevestig gaan word, of dat die registrasie van serwitute goedgekeur sal word nie. Indien 'n predikant of gemeente weier, sal hy/sy/hulle gekonfronteer word met die Kerkorde. 'n Kerkraad wat nie die "regte" leiding wil gee nie, sal onthef word en vervang word met 'n meer gediensstige een. Daarmee saam sal die Kerkorde ook gewysig word om vervreemding van eiendomme baie moeiliker maak.

Daar sal nie net 'n stok wees nie. Daar sal weer gepaai word en gestel word dat "die eiendom steeds die gemeente se eiendom bly. Dit is maar net 'n stukkie beskerming wat ingebou word. Die gemeente kan steeds bou en onderhou en betaal. Dit is maar net indien die gemeente die eiendom wil verkoop of skenk wat hierdie reg sal intree. Ons moet darem billik optree. Die eiendomme is veilig". Lees maar weer die eHervormer waar Ds Fourie so sonder regsadvies enige gedagte van restitusie-eise wegpraat.

Net tyd sal leer of daar enige waarheid hierin steek. Gemeentes se geleentheid om eiendomme te beveilig, verstryk met die aanvang van die 70e AKV.